# Hillcrest High School

Graad 11

## AFRIKAANS EAT VRAESTEL 2

NOVEMBER 2024

**PUNTE:** 70

**TYD: 2 uur**

**EKSAMINATOR:** Mev. L. Middleton

**MODERATOR:** Mev. R. Jordaan

INSTRUKSIES EN INLIGTING.

1. Hierdie vraestel bestaan uit EEN afdeling.

   Roman: Lien se lankstaanskoene 70 punte

   Beantwoord **AL** die vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies baie goed.


3. Skryf jou onderwyseres se naam op die dekblad.

   Me. Jordaan, Middleton, Strydom, Henderson of Wessels

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommers wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Skryf netjies en leesbaar.

**Lien se lankstaanskoene**



**Teks A**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Vraag 1**

> Die voordeurklokkie lui. Lien oorweeg dit om nie oop te maak nie. Sy onthou dis seker tannie Bets wat haar pot kom haal of weer iets te ete bring, soos sy gereeld doen. Haar *charity case*.
>
> Die vriendelike jong predikantjie staan vir haar en glimlag. Hy het ‘n denim en ‘n swart T-hemp aan en sy blonde hare is in ‘n *cocky* kuifie gejel. *Cooler* as *cool*. Sy oorweeg om die deur in sy gesig toe te maak.
>
> “Hallo. Dis mos... uhm...Lien? Jammer ek het nie eers gebel nie. Ek was in die gebou en het toe sommer gewonder hoe dit met julle gaan. Ek was nog nie weer hier sedert julle ingetrek het nie.”
>
> ***
>
> Hy staan naderhand op en groet hulle met die hand. “As julle ooit probleme het, moet julle kom gesels,” sê hy vriendelik. “Dis my werk om te help.”
>
> Ja, ja dink Lien geïrriteerd, jy is te lig in die broek.

1.1. “Die vriendelike jong predikantjie staan vir haar en glimlag.”

1.1.1 Wat is die predikant se regte naam? (1)

1.1.2. Watter bynaam gee Lien vir die predikant? (1)

1.2. Dit is die eerste keer dat Lien en Braam die predikant ontmoet.

Stem jy saam met die stelling? Ja/Nee?

Haal aan om jou antwoord te bewys. (1)

1.3. Lien dink dat die predikant “te lig in die broek” is om hulle te help.
Verduidelik in jou EIE WOORDE wat sy hiermee bedoel. (2)

1.4. Voltooi die volgende paragraaf deur van die woorde in die lys hieronder te gebruik.
Skryf slegs die vraagnommer en die antwoorde neer.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| koffiewinkel; | moeilike; | geselliger; | haarsalon; | Donovan; |
| maklike; | kleiner; | Dirkie. | | |

Daardie aand gaan kuier Lien vir Tannie Bets. Haar woonstel is baie (1.4.1.) ______________ as Lien hulle s'n. Tannie Bets sê dat sy weet dat Malie nie 'n (1.4.2.)_____________ mens is nie. Tannie Bets sê ook vir Lien om by (1.4.3.)___________ se woonstel te gaan vra oor moontlike werk by die (1.4.4.) _______________. (4)

1.5. Behalwe dat Wouter vir Lien gesê het dat sy nie eintlik Lientjie Lieflik by die skool is nie, is daar nog 'n rede waarom Lien kwaad is vir Wouter. Verduidelik wat dit is. (2)

1.6. Lien het nog 'n werk gekry.

1.6.1. Hoeveel geld sal Lien by haar tweede verdien? (1)
1.6.2. Watter ander voordeel sal sy by die werk kry? (1)

**(13)**

**Teks B**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Vraag 2**

… Dis doodstil in die woonstel. Braam is ook nie by die huis nie. Sy smeer 'n stuk brood en sny skuldig die laaste stukkie kaas vir haar toebroodjie. Daar is nog 'n halwe tamatie in die leë yskas en sy sit dit bo-op die kaas. Sy weet nie wat hulle vanaand gaan eet nie en of haar ma enigsins aan kos gaan dink waar sy en haar chroniese *runny tummy* hulle ook al mag bevind nie. Sy maak koffie met die aaklige, goedkoop poeierkoffie wat hulle die vorige Saterdag op *special* by Pick n Pay gekoop het. Haar ma sal darem seker iets koop om te eet, hoop Lien.

Sy gaan sit in die sitkamer en luister na die karre onder in die straat. Dis hemel op aarde om so alleen in die woonstel te wees.

Sy wonder oor Wouter. Is hy al moeg oor sy mislik is met die ander kinders by die skool? Sy kom agter hy is ongemaklik as sy haar so eenkant hou. Hy het haar aangemoedig om vir die oudisie te gaan. Hoekom wil hy so graag hê sy moet aan die simpel toneelstuk deelneem?

Sy is bang sy verloor hom. Dan het sy regtig niemand om mee te praat nie.

2.1. Noem TWEE moontlike plekke waar Braam smiddae was as hy nie by die woonstel was nie. (2)

2.2. Waarom kan 'n mens verstaan dat Braam redes gesoek het om dikwels weg te wees van die woonstel af? (1)

2.3. Haal 1 woord aan wat beskryf hoe Lien gevoel het toe sy die laaste stukkie kaas vir haar toebroodjie gebruik het. (1)

2.4. "...haar ma enigsins aan kos gaan dink..."

2.4.1. Waar werk Lien se ma? (1)
2.4.2. Hoekom is Lien bekommerd oor haar ma se werk? (1)
2.4.3. Lien se ma gebruik die verskoning dat sy 'n chroniese *runny tummy* het. Waarom voel Christien gereeld so siek? (1)

2.5. Hoe weet ons dat Lien nie van hierdie spesifieke kitskoffie hou nie? (1)

2.6. Kies die KORREKTE antwoord . Skryf slegs die vraagnommer en die LETTER neer.

In gelukkiger tye het Lien hulle:

A. gewone tee gedrink.
B. swak gehalte koffie gedrink.
C. goeie gehalte tee gedrink.
D. goeie gehalte koffie gedrink. (1)

2.7. Die volgende stelling is ONWAAR.

Lien weet vir seker dat haar ma by die winkels gaan stop om kos te koop vir aandete.

**Haal aan** om te bewys dat die bogenoemde stelling ONWAAR is. (1)

2.8. Op watter DRIE maniere het Lien, in die roman, probeer om geld vir kos te verdien? (3)

2.9. Kyk na paragraaf 3.

Lien hou haar eenkant. Hoekom doen sy dit?

Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies om die sin te voltooi. Skryf net die antwoord neer.

Lien hou haar eenkant omdat (sy aandag op haarself wil vestig / sy nie deel van die skool wou wees nie). (1)

2.10. Watter rol het Lien in die toneelstuk gekry? (1)

2.11. Hoe het haar deelname aan die toneelstuk Lien se loopbaankeuse later beïnvloed? (1)

2.12. Lien se tienerlewe was nie altyd maklik nie.

Skryf die volgende vier gebeure in Lien se lewe onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Lien het besluit om self geld te verdien.
- Lien se pa het bedrog gepleeg.
- Lien se gesin is herenig.
- Lien en die res van haar gesin is in armoede gedompel. (4)

2.13. Lien se ma het daardie aand "regte" kos gekook en die gesin was gesellig saam.

2.13.1. Watter hoop het dit by Lien en Braam geskep? (1)

2.13.2. Op watter manier is Lien en Braam later die aand teleurgestel (disappointed)? (1)

**(22)**

**Teks C**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Vraag 3**

Die corner sonder entertainment

Toe haar selfoon se wekker die volgende oggend afgaan, weet Lien wat sy moet doen. Kort pouse wag sy vir Hein op die stoep toe hulle by die Wiskunde-klas uitkom.

"Hein ek moet met jou besigheid gesels," val sy sommer met die deur in die huis. Hein lyk ongemaklik. Hy kyk oor sy skouer na die ander kinders wat by die deur uitbondel. Sy soek na woorde. Dit gaan nie werk om die hele storie hier op die stoep te vertel nie. Sy sal hom iewers moet kry waar hulle rustig kan gesels. "Sal jy asseblief ná skool saam met my by die Wimpy gaan koffie drink? Ek het 'n probleem en ek dink jy kan my help." Hein lyk erg verleë en ongemaklik. Hy kyk oor sy skouers. "Eintlik moet ek..."
"Net tien minute, *promise*."
Hy stem teësinnig in.
Die hele dag dink sy aan Tibbey met die af bene. En aan Sproet.
Toe sy by die Afrikaans-klas uitloop, roep juffrou Breytenbach haar terug. "Hoe gaan dit met die nek?"
Lien is vir 'n oomblik uit die veld geslaan. Sy kyk die juffrou onbegrypend aan. "Jou nek wat jou so uit die skool hou?"
Lien voel sy bloos.

3.1. Wie het altyd die vermaak ("entertainment") op die straathoek verskaf? (1)

3.2. Daardie persoon (3.1.) is nie meer op die straatheok nie. Verduidelik in jou eie woorde presies wat met die persoon gebeur het. (Wees spesifiek) (2)

3.3. "Hein, ek wil met jou besigheid gesels,..." (Paragraaf 2)

Wat wou Lien vir Hein vra? (1)

3.4. Motiveer waarom die stelling hieronder WAAR is.

Hein was die regte persoon wat Lien met hierdie taak kon help. (1)

3.5. Sekere karakters het tot Lien se moeilike situasie bygedra (contributed).

Kies die karakter in KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas.

Skryf slegs die LETTER langs die vraagnommer neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 3.5.1. Hierdie karakter het Lien en haar gesin in finansiële moeilikheid laat beland. | A. Braam |
| 3.5.2. Hierdie karakter het onredelik teenoor Lien in die werkplek opgetree. | B. Meneer Jooste |
| 3.5.3. Hierdie karakter het gedink dat Lien haar liggaam vir geld sou verkoop. | C. Dirkie |
| 3.5.4. Hierdie karakter wou geen verantwoordelikheid met Lien deel nie. | D. Tant Malie |
| | E. Sproet |

4 x 1 (4)

3.6. Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die LETTER neer.

Lien het gebloos omdat sy...

A. alleen moes agterbly nadat die res van die klas geloop het.
B. besef het dat juffrou Breytenbach weet dat sy gelieg het.
C. sy nie van juffrou Breytenbach se belangstelling hou nie.
D. gedink het aan haar afspraak later die middag met Hein. (1)

**(10)**

**Teks D**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Vraag 4**

> Sy voel skielik yskoud. Sy voel trane iewers brand. Haar keel trek toe. Sy kyk en sy kyk.
>
> ***
>
> Tog is daar iets in sy oë wat sy onthou. Haar rapport is in sy hande. Lien, jy gaan nog eendag saam met my in die praktyk werk. Jooste en Jooste. Ernstig, asof hy dit nie sommer net sê nie. Hulle kyk vir mekaar, hoe lank weet Lien nie. Dis asof tyd gaan stilstaan het.
>
> ***
>
> “Dinge gebeur. Ek het gedink ek is die slimste en sterkste mens onder die son. Daar was versoekings… Ek was gulsig.” Hy lyk verleë.
> “En al die geld wat julle gevat het?”
> Hy lyk ongemaklik en kyk na die hoek van die vertrek. Ná ‘n ruk sê hy: “Ons het ‘n klomp in die buiteland belê, maar dit was ‘n flop. Die *scheme* was *dodgy* en ons het baie verloor. Die res het ons uitgegee en die ander moes ons terugbetaal. Jy weet mos…”
> Hy bly ‘n rukkie stil.
> “Ek praat baie met jou. In my kop. Elke dag. Ek weet ek het julle seker vir altyd verloor…”
> Lien byt op haar onderlip.

4.1. Lien het besoek by haar pa afgelê.

- 4.1.1. Vir wie het Lien gaan kuier voordat sy vir haar pa gaan kuier het? (1)
- 4.1.2. Gee die Afrikaanse naam vir die plek waar sy vir die persoon in 4.1.1. gaan kuier het. (1)
- 4.1.3. Hoekom was die persoon in 4.1.1. in daardie plek? (1)
- 4.1.4. Watter geskenk het Lien vir die persoon in 4.1.1. geneem? (1)
- 4.1.5. Watter geskenk het sy vir haar pa geneem toe sy vir hom gaan kuier het? (1)

4.2. Wat het Lien se pa gedoen om in die tronk te beland? (1)

4.3. Hoe lank was Lien se pa se vonnis in die tronk? (1)

4.4. Kies die KORREKTE ANTWOORD tussen hakies. Skryf slegs die woord neer.

Gedurende daardie besoek aan haar pa, het hy Lien se vrae (eerlik/laf) beantwoord. (1)

4.5. Voltooi die volgende sinne deur van die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoorde neer.

| |
|---|
| Onderwys; regte; oorsee reis; drama studeer |

Tydens daardie besoek aan haar pa, sê Lien dat sy nie ná skool (4.5.1)_________ gaan studeer nie. Sy wil eerder (4.5.2) _______________. (2)

**(10)**

**Vraag 5**

**Aspekte van die roman: Lien se lankstaanskoene**

5.1. Daar is gewoonlik 'n fokalisator in 'n roman.

5.1.1. Verduidelik in jou eie woorde wat 'n fokalisator in 'n roman is. (1)
5.1.2. In Lien se lankstaanskoene is daar twee fokalisators. Wie is hulle? (2)

5.2. Voltooi die sinne hieronder deur die weggelate woorde in te vul.

Begin elke keer met die letter wat gegee word.

Lien koop vir haarself gemaklike (5.2.1).s___________ om te dra as sy (5.2.2.) b___________. Figuurlik beteken die titel van die roman die (5.2.3.) m___________ pad wat Lien moes loop. (3)

5.3. Die groot ruimte van die verhaal is Pretoria. Noem 2 plekke wat ruimtes binne die groot ruimte is. (2)

5.4. Verduidelik die kontras in die Jooste gesin se geluk tussen die video's en hulle lewe soos dit nou is. (2)

5.5. In dié roman, is daar 'n 'hoofstuk' wat ons vóór hoofstuk een lees, asook 'n 'hoofstuk' wat ons na die slot lees.

Wat word hierdie twee 'hoofstukke' genoem? Gee 2 aparte woorde. (2)

5.6. Ons kan sê dat Lien se ouers nie altyd hulle ouerlike pligte nakom nie.

5.6.1. Gee 1 voorbeeld van waar Christien Jooste hieraan skuldig is. (1)
5.6.2. Gee 1 voorbeeld van waar Meneer Jooste hieraan skuldig is. (1)

5.7. Noem 1 van die temas wat ons in hierdie roman teëkom. (1)

**(15)**

**GROOTOTAAL:70**